Publication: Die Burger (Oos Kaap), Sport
Date: 03 Feb 2017
Page: 14

Taai bergfietswedren van PE na Plet skuif van September tot Maart

Die FedGroup PEPlett-bergfietswedren word vanjaar in Maart, en nie September soos gewoonlik nie, aangebied. Mike Glover, die organiseerder, sê September is gewoonlik nat en modderig en daar word gehoop meer deelnemers sal in Maart inskryf.

Die wedren begin op 2 Maart by Woodrige net buite Port Elizabeth en eindig op 5 Maart by Kurland in Plettenbergbaai. Deelnemers kan kies of hulle aan die taai wedren oor 320 km of die effens makliker een oor 240 km wil deelneem.

■ Besoek www.peplett.co.za vir meer inligting. – **Sportredaksie**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission